**die Man in die Middel – aan watter kant hang jy?   OMGEEGROEPE        22–28 Maart 2015**

1. LIEF EN LEED – deel met mekaar met die oog op dankbaarheid en voorbidding.
2. INGENOOI  IN GOD SE TEENWOORDIGHEID – raak rustig en bid saam.
3. LUISTER NA GOD SE WOORD – lees Johannes 19:17-27 en Lukas 23:33-43 saam deur. In hierdie skrifgedeeltes vind ons die kruising van Jesus,  die hoogtepunt (dieptepunt) van ons Here Jesus se lyding vir ons. Dit wat ons in lydenstyd en Paastyfd vier. Wat tref jou uit hierdie gedeeltes? GESELS SAAM DAAROOR.
4. LUISTER NA MEKAAR EN DIE WêRELD – Op ‘n manier is die twee misdadigers aan die kruis, al die omstanders en soldate asook Johannes en Maria die verteenwoordiging van die hele wêreld, en ook van ons saam met die wêreld. Hoe sou julle die wêreld indeel? Watter groeperinge, hoeveel groepe en waarom?
5. LUISTER VERDER NA DIE WOORD VAN GOD – lees weer Johannes 19:17-27 en Lukas 23:33-43. Jesus se eerste kruiswoorde is: “Vader vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie!” Hoekom bid Jesus dit en vir wie? Wat doen die mense rondom die kruis? Die volk staan en kyk, die geestelike leiers lag Jesus uit, die soldate bespot Homen verdeel Jesus se karige besittings onder mekaar – saam daag hulle Jesus uit om Homself te red! As hy dan die Koning van die Jode en die Messias is! Ook die misdadigers wat weerskante hang, het ‘n eiertjie te lê: “Is jy dan nie die Christus nie? Red jouself en ons ook!” Genadiglk doen jesus dit nie – altans nie dadelik nie! En een van die wat langs Hom hang, wys die ander tereg en bid tot Jesus dat Hy aan hom sal dink as Hy in sy koninkryk kom. En wat doen Jesus? Hy red hom! En ons… en almal wat in Hom glo in die hele wêreld! So bid Hy vir eke mens en gee Hy aan gelowiges die ewige lewe en gee Hy ons ook aan mekaar en ‘n stukkende wêreld, soos Hy Maria en Johannes aan mekaar gee. Dink wat het Maria en Johannes beleef toe Jesus hulle so aan mekaar verbind – “daar is jou seun”, “daar is jou moeder”. En wat het hulle daarna gaan doen…?
6. FOKUS OP WAT GOD DOEN – gesels aan die hand van bogenoemde oor wat Jesus Christus ook vir jou en my gedoen het en vir die wêreld  doen en wil doen! En wat wil Hy hê moet ons doen, en met wie of saam met wie?
7. ANTWOORD MET JOU LEWE – gesels dan oor wie van hulle rondom die Man in die Middel soos jy is, en aan watter kant van Jesus jy hang? Links of regs – aan God se oordeel of God se genade? Gaan leef dan uit God se genade en jubel en juig oor Hom die Koning Jesus Christus!
8. BID SAAM OOR DIT WAARIN DIE GEES ONS LY TEN OPSIGTE VAN BOGENOEMDE.
9. BEVESTIG KLEINGROEP DIENSBEURTE EN ANDER BELANGRIKE INLIGTING.